

Vrydag 4 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 9:8-17

Fokusgedeelte: Genesis 9:11-13

Jesus Christus bring God se genadeplan met die skepping tot uitvoering

God sluit 'n verbond met Noag, sy nageslag en al die diere, naamlik dat Hy nie weer die aarde met 'n vloed sal verwoes nie. As teken van dié verbond gee God die reënboog in die wolke. In die oorspronklike taal (Hebreeus) staan daar nie “reënboog” nie, maar “boog”. Dit is dieselfde woord wat in die Ou Testament vir die oorlogsboog gebruik word.

Met die teken van die (reën)boog sê God dus dat Hy nie weer met water oorlog sal maak teen sy skepping nie. As gevolg van die sonde is die aarde vervloek en die mens verdien om deur God gestraf te word, maar God sal sy (genade-)plan met die skepping voltooi.

Die verbond wat God direk ná die sondvloed gesluit het, word die natuurverbond genoem. Hierdie verbond is deel van één verbond wat soos 'n goue draad deur die Bybel loop, naamlik die genadeverbond. Met hierdie één verbond sê God vir ons dat Hy ons God sal wees en dat ons sy kinders sal wees.

Hoe is dit moontlik? God het sy oorlogsboog teen Jesus Christus gespan. Hy het die regverdige straf op die sonde gedra. Dink weer aan die (reën)boog. Hierdie boog wys nie af na ons toe nie, maar boontoe. Dit wys na Christus wat God se genadeplan met die skepping tot uitvoering gebring het.

Die doop is die teken van die genadeverbond en daarmee verseker God jou dat jy deel is van dié verbond. Dink aan God se genadeverbond wanneer jy weer die reënboog sien en wees verseker dat God sy genadeplan met die skepping tot volle uitvoering gaan bring.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 5

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)